Hoërskool Framesby 50
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 92: 5 Augustus 2016

MOTORKOMPETISIE-VELDTOG

Soos almal reeds bewus is, is ons tans besig met 'n fondsinsamelingsprojek om die fondse van die Framesby Opvoedkundige Trust aan te vul. Die doel van die Trusnt is om fondse onafhanklik van die skoolfonds in te samel ten einde sekere projekte, en dan veral kapitaalprojekte, finansiëel te ondersteun. Dis ook 'n instrument waardeur behoeftige leerders gehelp kan word.

Dis ongelukkig waar dat 'n beduidende deel van ons skoolgemeenskap gebruik maak van toegelate vermindering van skoolgeld. Indien die staat ons vir hierdie verlies aan inkomste sou vergoed, sou die finansiële druk nie so groot wees nie. Die realiteit is egter dat die bedraggie wat die staat wel aan ons oorbetaal, skaars ons munisipale rekeninge betaal!

Ons wil u hiermee hartlik versoek om ons te ondersteun in hierdie projek. Dit is beslis nie vir almal maklik om hierdie kaartjies van die hand te sit nie, maar dis ook darem nie iets wat ons elke jaar doen nie. Verder is daar ook uiters aanloklike pryse op die spel vir die grootste verkopers! Kom ons help almal om sukses te verseker! FRAMESBY HET U ONDERSTEUNING NODIG!!

TOETSREEKSDATUMS SKUIF

Die datums waarop die September-toetsreeks vanjaar sal plaasvind, word tans in die Akademiese Kalender, asook die Jaarbeplanner, aangedui as 21 tot 29 September.

Die Distrikskantoor van die Oos-Kaapse Onderwysdepartement in Port Elizabeth het egter onlangs 'n regulasie uitgevaardig waarvolgens alle punte-verwerkings vir hierdie kwartaal voor die einde van die kwartaal afgehandel moet wees en volledige punte-ontledings aan hulle voorgelê moet word. Die afgelope Junie-eksamen was dus die laaste geleentheid waar Framesby tot die laaste skooldag kon eksamen skryf.

Die Toetsreeks vir Graad 8 tot 11 sal nou Donderdag 15 September begin en op Vrydag 23 September eindig. Tydens die daaropvolgende week sal die NORMALE SKOOLPROGRAM gevolg word en waartydens antwoordstelle deur leerders gekontrolleer sal word.

In die verlede was ons ondervinding dat leerders baie maklik van die skool wegbly tydens hierdie laaste week van die kwartaal, en in die meeste gevalle met hul ouers se goedkeuring. Ons wil graag hiermee 'n ernstige beroep op ons ouers doen om nie toe te laat dat u kinders tydens hierdie week wegbly nie. Met die eindeksamen wat reeds vroeg in die laaste kwartaal begin, is dit uiters noodsaaklik dat elke leerder dy/haar antwoordstelle deeglik kontrolleer, en gebruik maak van die paar dae se hersiening en vaslegging. Té dikwels word die stelling gemaak dat "daar niks by die skool gebeur nie". Daar kan nie veel gebeur as leerders net bloot wegbly nie. Dis opvoedkundig die regte ding om te doen om vas te byt en hier te wees!

NISSAN MICRA
om te wen!!

Kaartjies @ R100 is by ons leerders te koop

INTERSKOLE VS NICO MALAN

"Save the date"!
GROOT dinge word beplan!

20 AUGUSTUS

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Julian Kleyn 11F
Ulrich van Zyl 8G

Sondag
Karla Barnard 8E

Maandag
Danou van der Watt 9G

Dinsdag
Lane Ingram 10B

Woensdag
Marne Olivier 10A
Danel van Staden 10B

Donderdag
Shanler le Roux 11F

Vrydag
Lucien Coetzee 11F
William Duckitt 12E

FRAMESBY IS BESIG!

NETBALL-GIRLS VAT DIE CHALLENGE!

Ons eerste en O/16A-netbalspanne het gister na Johannesburg gevlieg om daar aan die nasionale Skole Netbalkampioenskap te gaan deelneem. By hierdie geleentheid neem die twee top-skole uit elke provinsie deel aan die kompetisie wat oor drie dae strek.

Ons spanne het beide in die tweede plek in die Oos-Kaap geeïndig. By die O/19's is Grens die ander Oos-Kaap-span en by die O/16's is dit Brandwag.

Dis voorwaar 'n skitterende prestasie om te kon deurdring en om daar met die heel beste in Suid-Afrika mee te ding. Ons is VOL vertroue dat hierdie twee spanne ons naam baie hoog sal hou en dat daar wonderlike herinneringe opgebou, en waardevolle ervaring opgedoen sal word. Baie sterkte, girls!

Aangesien hierdie twee spanne nie die naweek hier is nie, sal die netbalwedstryde teen Otto du Plessis volgende week afgehandel word.

STRAWWE KOMPETISIE TEEN OUTENIQUA!

Verlede naweek het ons weer die groot uittog na George aangepak om teen Outeniqua te gaan meeding. Hierdie bepaling het oor die jare ontwikkel tot een van die groot hoogtepunt op ons kalender, en vanjaar was geen uitsondering nie.

Oor die algemeen het ons spanne maar harde bene gekou, maar almal het ongelooflik hard meegeding. Op die netbalbaan was die tellings maar baie gelykop met Outeniqua wat 7 van die 12 wedstryde gewen het. Ons eerste-span het pragtig gespeel, maar moes ongelukkig met 21-23 die knie buig. Al die Dogtershokkiespanne het naelskraap verloor, behalwe ons eerstespan wat ongelooflik goed gespeel het deur 1 – 1 gelykop te speel. Pragtig dogters! By die seuns het ons eerstespan swaar getrek, terwyl ons O/16-span uitstekend gevaaar het deur Outeniqua 3-0 te klop! Baie mooi, manne!

Op die rugbyveld het ons ook maar klippe gekou en kon net die O/16A-span die knoop deurhak met 'n oorwinning van 7-0. Ons ander spanne het egter deur die bank uitstekend vertoon, maar moes in die meeste gevalle die knie buig teen opponente wat op die aanval net te veel skietgoed gehad het. Dit was veral ons junior spanne wat hul man uitstekend gestaan het en die toekoms uiters rooskleurig laat lyk. Ons eerstespan het, ondanks die groot telling van 17-50, een van hul beter wedstryde gespeel. Dit wil voorkom of die bal vanjaar net nie vir ons reg wil spring nie, en dat ons beste pogings telkemale ent nie goed genoeg blyk te wees nie!

Op die gholfbaan het ons ook nie die pyp gerook nie, terwyl die tennis uitgereën het. Ons muurbalpelers het ook baie goed gevaar deurdat die eerstesspan 9 – 6 gewen het. Ons skaakspelers het hulself ook deeglik laat geld, maar vir die een of ander onverklaarbare en duistere rede kon Outeniqua nog nie bevestig wie gewen het nie!

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 6 Augustus	Sondag 7 Augustus	Maandag 8 Augustus	Dinsdag 9 Augustus	Woensdag 10 Augustus	Donderdag 11 Augustus	Vrydag 12 Augustus
Sportbepaling vs Otto du Plessis Rugby, Netbal Hokkie, Skaak		**Skoolvakansie-dag**	**Nasionale Vrouedag**	**Dag 8**	**Dag 9**	**Dag 10** **Gholf vs Oakdale**

FRAMESBY IS TROTS OP .....

MONIQUE EN KAYLA KEN GEEN EINDE!

Monique en Kayla Ferreira is twee dametjies war net nie einde ken nie! Hulle is ongelooflik aktief in ‘n verskeidenheid veelkamp-dissiplines, skerm, stoei, en ook in binneshuise krieket. In al hierdie sportsoorte het hulle verskeie kere reeds provinsiale kleure verwerf en die Oostelike Provinsie nasionaal verteenwoordig. Dis genoeg om die meeste mense onmiddellik doodmoeg te laat voel!

In Mei het hulle Suid-Afrika in die Africa Classic Stoei-byeeenkoms verteenwoordig.

Tydens die vakansie het hulle aan die Nasionale Biathle en Triathle-kampioenskappe te Bela-Bela deelgeneem waar hulle uitstekend gevaar het. In die Laser Run het Kayla 11de en Monique 8ste geeïndig, waarna Monique ingesluit is in die Suid-Afrikaanse span wat in Portugal gaan deelneem. Dis egter ‘n sportsoort waar atlete hul eie koste moet dra, en daarom sal sy heel waarskynlik nie hierdie toer kan meemaak nie. Nogtans is ons ongelooflik trots op hierdie uitsonderlike tweeling. Baie geluk julle twee, en in besonder baie geluk Monique. Julle is beslis ‘n inspirasie, veral omdat julle akademies ook nie lyf wegsteek nie! Ons hou julle prestasies met afwagting dop!

JACO VAT VOOR BY VOORTREKERS

Jaco McLaren, een van ons Graad 11-leerders, is onlangs verkies as die Oos-Kaapse Gebiedsleier van die Voortrekkers. Jaco het hierdie besondere prestasie behaal nadat ‘n hele reeks aktiwiteite suksesvol moes voltooi, waarna hy voor ‘n Keuringspaneel moes verskyn. In die volgende jaar sal hy verskeie vergaderings moet bywoon, en ook ‘n reeks opdragte moet uitvoer waar hy onder andere geleenthede sal moet organiseer. Baie geluk, Jaco! Dis werklik ‘n wonderlike prestasie en Framesby is bevoorreg om jou in ons geledere te hê. Baie sterkte!

SPORTPROGRAM VS OTTO DU PLESSIS EN DSG

RUGBY vs OTTO DU PLESSIS (Tuis)

Tyd	A-Veld	Tyd	B-Veld
08:30	O/14A	09:00	3de
09:30	O/15A	10:00	O/14B
10:30	O/16A	11:00	O/15B
11:45	2de		
13:00	1ste		

HOKKIE vs DSG (Weg)

Tyd	Webster	Rhodes
08:30	2de	O/14B
09:30	O/16A	O/16C
10:30	1ste	O/16B
11:30	O/14A	

NETBAL vs DSG (Weg)

Tyd	Baan 1	Baan 2
08:30	O/16C	O/19D
09:10	O/19C	O/16D
09:50	O/14B	O/14D
10:30	O/14A	O/14C

ALGEMEEN EN SIELSKOS

TERUG NA DIE BASIESE DINGE

In tye van geestelike verval en morele chaos is daar mense nodig wat die moed het om teen die stroom in te vaar en hulle te beywer vir die terugkeer na die basiese menslike waardes wat in die wet van God neergelê is.

Die morele en geestelike chaos waarin die wêreld aan die einde van die twintigste eeu verkeer, kan nie besweer word met groot skemas en slim plannetjies nie. Die rede daarvoor is dat dit opkom uit die wortel van die innerlike korrupsie van die menslike hart. Die hart is 'n ongelooflik verwarde kuil van ongebreidelde begeertes wat vir die mens self en vir alle ander mense, ja selfs vir die hele skepping gevaarlik is.

Die Bybel sê: Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan? (Jeremia 17:9). Die ervaring bevestig dit. Mense het wel elkeen individueel 'n eie hart, maar die rigting van almal se harte is van nature dieselfde.

Onder die mom van groot ywer vir die beste waardes van die gemeenskap verryk mense hulleself en pleeg hulle korrupsie. Mooi woorde van liefde word gebruik om die bevrediging van eie begeertes te bevorder. Hoe mooier mense praat – dit leer die ervaring – hoe versigtiger moet jy vir hulle wees.

Die één les van die moderne geskiedenis is dat mooi ideale bedoel is om mense se ware bedoelinge te bedek. Hoe vaster 'n mens glo dat dit in jou eie groep anders gesteld is, hoe meer jy kwalifiseer vir ontnugtering. Die ironiese is dat dit maar altyd so was. Die moderne wêreld met sy beskawing is nie beter as vroeër tye nie. Die beskawing het net daartoe bygedra dat die kwaad soveel vernietigender bedryf kan word, soveel geraffineerder. Die mens het nie verander nie, ondanks sy mooi slagspreuke.

Wat moet 'n mens in so 'n situasie doen? Dit klink vroom om te sê dat as almal net Christene was, alles anders sou gewees het. Maar dit is nie heeltemal waar nie. Baie Christene is so halfslagtig in hulle Christenskap, dat hulle nie werklik 'n stryd teen die morele verwording voer nie, maar eerder meedoen aan die dinge wat die samelewing verwoes. Wat nodig is, is dat alle mense geleer moet word om te onderskei waarop die regtig aankom. Van Christene mag met name verwag word dat hulle die wet van God weer midde in die chaos van die tyd helder moet sien en verstaan. As 'n profeet soos Amos vandag sou opstaan, sou hy tot in die mees praktiese dinge toe die gebrek aan integriteit in die samelewing blootgelê het en die Christene sou nie beter as die andere daarvan afgekom het nie.

Maar hy sou alle mense, wie hulle ook mag wees, teruggeroep het na die basiese dinge van die wet van God waarsonder geen menslike samelewing gesond kan wees nie. Die genesing van die samelewing is slegs gegee in 'n terugkeer na 'n eenvoudige lewe voor die aangesig van God en 'n ernstige begeerte om te doen wat die wet van God vra.

Uit *Die Burger*, 25 Augustus 1992

MATRIEKS SE PRETDAG (OF 40 DAYS?) →

Die 4 Musketiers